**8201**
**Paper 2**

**Inleiding:**

Hierdie is 'n nuwe vraestel wat uitdagings aan almal gestel het.  Dit is egter baie duidelik dat onderwysers sowel as kandidate hulle uiters goed voorberei het vir hierdie nooienseksamen.

Soos ons verwag het is daar egter heelwat uitdagings waarmee ons gekonfronteer word.

**(a)** Die interpretering van die opdragte was 'n wesenlike probleem vir sommige kandidate.

**(b)** Kandidate moet onthou dat 'n opstel 'n titel moet hê.

**(c)** Paragrafering: sommige van die kandidate het ooglopend hiermee gesukkel.

**(d)** Spelling: korrekte spelling van woorde is 'n vereiste.

**(e)** Sinskonstruksie en lengte: lang, gekombineerde sinne het bygedra tot swak sinskonstruksie en gebrekkige woordorde.  Dit het soms gelei tot die skryf van 'n paragraaf met slegs een sin.

Sinsnedes word soms aangebied as volsinne asof dit 'n feit is.

**(f)** Vaste uitdrukkings en idiome: moet korrek in sinsverband gebruik word.

**Vraestel:**

**1 Onderwys**

Die meeste kandidate het daarin geslaag om hulle menings hier uit te druk.  Van die kandidate het dit moeilik gevind om die opdrag uit te voer weens gebrekkige taal, swak sinskonstruksie en paragrafering.

**2 Toerisme**

Baie min kandidate kon hierdie vraag suksesvol beantwoord.  Die redes hiervoor was die verkeerde interpretering van die opdrag en die aanbieding van die inligting.

**3 Klimaat**

As gevolg van goeie kennis oor en gepaste woordeskat van die onderwerp, kon die meeste kandidate hierdie opdrag redelik suksesvol beantwoord.

**4 Menseverhoudings**

Die meeste kandidate kon nie daarin slaag om die humor in die storie uit te druk nie.  Baie kon slegs 'n oorsigtelike storie oor generasiegaping skryf.

**5 Innovasies**

Bykans al die kandidate het daarin geslaag om hierdie vraag te beantwoord.

**Aanbevelings:**

**(a)** Daar moet aandag gegee word aan die interpretering van onderwerpe, paragrafering, algemene taalgebruik, spelling en sinskonstruksie.

**(b)** Kandidate moet oefen om hulle kennis in verskillende aktiwiteite uit te druk.

**(c)** Daar moet klem gelê word op die beplanning sowel as die vereiste lengte van opstelle.

**Slot:**

Dit was deurgaans duidelik dat onderwysers en kandidate, onder moeilike omstandighede, daarin kon slaag om goed voor te berei vir hierdie eksamen.

Baie dankie vir u harde werk.